# HOOFSTUK II.

## 'N OORSIGTELIKE ONTLEDING VAN DIE BESKIKBARE GEGEWENS VAN DIE 1953-GROEP EERSTEJAARSTUDENTE.

### INLEIDING:

Hierdie groep is volledig nagegaan en gerangskik volgens kursusse. Daar is vasgestel dat 'n groot aantal lêers onvolledig is en dat die inligting wat ingewin is, heeltemal ontoereikend is vir 'n wetenskaplike ontleding. 'n Totaal van 612 lêers is deurgewerk en gerangskik. Daar is gevind dat sekere inligting onbruikbaar is en in ander gevalle was dit weer onvolledig. 'n Analisevel is opgestel en inligting vanaf elke lêer is hierop getabelleer. [1] Hierna kon 'n visuele beeld verkry word van die beskikbare gegewens. Slegs die twee grootste kursusgroepe, naamlik, Medies 35.78% en B.A. 33% uit die totaal van 612 eerstejaarstudente is volledig ontleed met betrekking tot die beskikbare gegewens.

1. Hierdie twee groepe is volledig ontleed na aanleiding van:-
   (i) geslag;
   (ii) ouderdom; en
   (iii) kursus.

2. Verder is die sosio-ekonomiese status van die gesinne waaruit die studente kom, ingedeel volgens:-
   (i) beroep van die vader;
   (ii) grootte van die gesin;
   (iii) posisie van die student in die gesin; en
   (iv) wie die student se studiegelde betaal.

3. Die woonplek van die student:-
   (i) tydens skooljare en
   (ii) die eerstejaar aan die universiteit, nagegaan na aanleiding van die eerste vraelys;
   (iii) Weens die onvolledige inligting kon die geografiese verspreiding van die studente in Pretoria nie aangetoon word nie;
   (iv) Die landelik-stedelike herkoms vir provinsies is aangehaal en geklassifiseer volgens die Buro vir Sensus en Statistiek se indelings.

---

1) Alle items soos uiteengesit in die oorspronklike beplanning is hierin opgeneem. Kyk na Hoofstuk IX, p. 139

4. Die groepe is ook ingedeel in 'n slaaggroep en 'n druipgroep en ooreenstemmende tabelle is opgestel vir elke groep wat alle items van die analisevel insluit.

5. Daar die beskikbare inligting só onvolledig en ontoereikend is, is besluit om nie tyd te mors om hierdie gegewens te vergelyk nie. Die rede waarom die inligting nie verwerk is nie, is omdat gevoel is dat dit nie die moeite sal loon om met die beskikbare gegewens verskille te probeer aantoon nie. Hierdie gegewens is dus soos besluit is, in die beplanning, slegs verwerk vir oorsigtelike doeleindes, aangesien daar besluit is om 'n steekproef uit die 1954-groep volledig te ontleed en te bespreek - kyk na Hoofstuk IV en verderaan.

A. Die samestelling van die getoetste groep.

Die volgende faktore is in dîe verband in aanmerking geneem:-

(i) geslag;
(ii) ouderdom (slegs B.A. en Medies); en
(iii) kursus (slegs B.A. en Medies).

(i) Geslag.

Die geslagtelike samestelling van die totale groep eerstejaarstudente wat in April 1953 vraelyste ingevul het, of toetse afgelê het, óf vir wie slegs 'n lêeromslag ingevul is, is soos volg:-

TABEL 2.1.[1]

| Kursusgroep. | Geslagtelike samestelling. Manlik. | Vroulik. | Totaal |
|---|---|---|---|
| Medies | 200 | 19 | 219 |
| B.A. | 105 | 97 | 202 |
| B.Sc. | 89 | 53 | 142 |
| Die res | 43 | 6 | 49 |
| Totaal - | 437 | 175 | 612 |

(ii) Ouderdom.

Slegs die ouderdomme van die B.A.- en die Mediese groepe word aangetoon, aangesien ons met veiligheid kan aanneem dat hierdie twee groepe,

1) Die syfer vóor die punt toon die betrokke hoofstuk se nommer aan terwyl die syfer ná die punt die nommer van die tabel in die betrokke hoofstuk aandui.

wat ook die twee grootste groepe is, verteenwoordigend is ten opsigte van die ouderdom van die totale aantal eerstejaarstudente van 1953.

(a) Die B.A.-groep.

Hierdie studiegroep is 202 (33.01%) van die groottotaal van die eerstejaarstudente wat in die naamlys van 1953 van die Studentevoorligtingskantoor voorkom. Van hierdie 202 B.A.-studente het 144 (71.29%) volledige lêers terwyl 58 (28.71%) se lêers onvolledig ingevul is.

(b) Die Mediese-groep.

Hierdie groep bestaan uit 219 (35.78%) van die groottotaal eerstejaarstudente wat op 1953 se naamlys by die Studentevoorligtingskantoor opgeneem is. Van hierdie 219 studente het 124 (56.62%) volledige lêers terwyl 95 (43.38%) se lêers onvolledig is.

(c) Die ouderdomsamestelling van die 1953 B.A.- en Mediese groepe.

Slegs gegewens wat betrekking het op die "volledige" groepe van die bogenoemde twee kursusgroepe word aangehaal.

Die onderstaande tabel toon die ouderdomsamestelling van die B.A.- en Mediese kursusgroepe aan:-

TABEL 2.2

| Kursus-groep. | Jaar van geboorte. Vóór 1934 | 1934 | 1935 | Ná 1935 | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|
| B.A. | 5 | 59 | 61 | 19 | 144 |
| Medies | 10 | 44 | 56 | 14 | 124 |
| Totaal | 15 | 103 | 117 | 33 | 268 |

Uit 'n totaal van 268 studente, is 220 (82.09%) in 1934 en 1935 gebore; 15 (5.6%) is voor 1934 gebore en 33 (12.31%) ná 1935.

(iii) Kursus:

In die onderstaande tabel word die 1953 groep ingedeel volgens kursusse asook geslag. Hierdie tabel betrek alle studente van wie daar iets aangeteken is in die Studentevoorligtingskantoor gedurende 1953.

TABEL 2.3

| Geslag. | K u r s u s g r o e p. Medies. | B.A. | B.Sc. | "Ander". | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| Manlik | 200 | 105 | 89 | 43 | 437 |
| Vroulik | 19 | 97 | 53 | 6 | 175 |
| Totaal | 219 | 202 | 142 | 49 | 612 |

Volgens die bostaande tabel vorm die Mediese-groep en die B.A.-groep die twee grootste groepe, naamlik 219 (35.78%) en 202 (33.01%) onderskeidelik, van die groot-totaal van 612 eerstejaarstudente.

B. Die sosio-ekonomiese status van die gesinne waaruit die 1953 B.A.- en Mediese eerstejaarstudente kom na aanleiding van enkele faktore.

Aangesien die B.A.- en Mediese kursusgroepe die grootste bydrae lewer tot die eerstejaarstudentegemeenskap, naamlik, 421 (68.79%) van die 612, is besluit om die "volledige" groepe te analiseer ten opsigte van sosio-ekonomiese faktore, dit wil sê, 144 B.A.- en 124 Mediese studente is betrek.

Die volgende sosio-ekonomiese faktore is in aanmerking geneem, naamlik, die beroep van die vader; die posisie wat die student in die gesin beklee en wie die student se studiegelde betaal.

(i) Die beroep van die vader.

Met betrekking tot hierdie vraag uit die vraelys, het ons ons verlaat op die volgende:-

"Watter soort werk doen jou vader of het hy meestal gedoen?"

Die huidige beroep word nie noodwendig vermeld nie, byvoorbeeld, 'n geneesheer wat onlangs eers begin boer het, ens. Verder weet ons ook nie of die vader die broodwinner van die gesin is nie.

Die volgende tabel toon aan watter beroepe beoefen word na aanleiding van die vraag:-

TABEL 2.4

| Kursus-groep. | Beroepsklassifikasie.[1) ] A | B | C | D | E | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| B.A. | 46 | 34 | 15 | 42 | 7 | 144 |
| Medies | 51 | 15 | 12 | 44 | 2 | 124 |
| Totaal | 97 | 49 | 27 | 86 | 9 | 268 |

1) A : Beoefen 'n professie soos onderwyser, predikant, dokter, ens.

B : Doen klerikale [2)] werk in 'n kantoor of winkel.

C : Doen hoofsaaklik handewerk soos in 'n ambag, myn of fabriek.

D : Boer.

E : Ander soorte werk soos militêre diens of polisie, ens.

2) Die opstellers van die vraelys het eintlik 'klerklik' in gedagte gehad.

B. (i) Volgens die bostaande tabel val die meeste vaders in die professionele beroepsgroep, naamlik, 97 (36.19%). Dan volg díe wat boer: 86 (32.09%); klerklike beroepe is derde met 49 (18.28%), dan volg díe wat hoofsaaklik handewerk verrig soos in ambagte, myne of fabrieke en die kleinste groepie, naamlik, 9 (3.36%) doen ander soorte werk.

(ii) <u>Die posisie van die student in die gesin, ook ten opsigte van die 1953 B.A.- en Mediese kursusgroepe eerstejaarstudente.</u>

Hier word daar van 'n vierledige klassifikasie gebruik gemaak. Studente word hier geklassifiseer as oudste, jongste, enigste en ander.

TABEL 2.5

| Kursus-groep. | Die posisie van die Student Oudste | Jongste | Enigste | Ander | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|
| B.A. | 68 | 28 | 9 | 39 | 144 |
| Medies | 57 | 32 | 7 | 28 | 124 |
| Totaal | 125 | 60 | 16 | 67 | 268 |

Uit die bostaande tabel wil dit dus voorkom asof die meeste B.A.- en Mediese eerstejaarstudente in 1953, oudste kinders was, naamlik 125 (46.64%) terwyl 60 (22.39%) jongstes, 16 (5.97%) enigstes en 67 (25.00%) ander posisies beklee het.

(iii) <u>Wie die student se studiegelde betaal.</u>

In die onderstaande tabel word aangetoon van welke geldbronne die 1953 B.A.- en Mediese eerstejaarstudente gebruik gemaak het:-

TABEL 2.6

| Kursus-groep. | Geldbronne.[1] A | B | C | D | E | Ander | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B.A. | 71 | 1 | 7 | 0 | 1 | 64 | 144 |
| Medies | 79 | 2 | 3 | 0 | 0 | 40 | 124 |
| Totaal | 150 | 3 | 10 | 0 | 1 | 104 | 268 |

1) A: Ouers.
B: Beurse.
C: Lenings.
D: Self.
E: Ander bronne as díe genoem vanaf A tot D.
Ander: Enige kombinasie van bronne genoem van A tot en met E.

B. 150 (55.97%) van die eerstejaarstudente se ouers onderhou hulle terwyl 104 (38.81%) van 'n kombinasie van geldbronne gebruik maak.

C. Die woonplekke van die 1953 eerstejaar B.A.- en Mediese studente tydens hulle skooljare en ook tydens hulle eerstejaar op die universiteit.

In hierdie verband is drie faktore onder oë geneem, naamlik:-

(a) woonagtig in 'n koshuis of nie;

(b) die woonplek tydens die eerstejaar op die universiteit ook koshuis en nie-koshuis klassifikasie; en

(c) is die studente se landelik-stedelike herkoms bepaal na aanleiding van die woonplek van die ouers.

(i) Die woonplek van die student(e) tydens sy/haar skooljare.

Die onderstaande tabel toon slegs aan of 'n student(e) tydens sy of haar skooljare op enige tydstip in 'n koshuis ingewoon het of nie:-

TABEL 2.7

| Kursus-groep. | W o o n p l e k. Koshuis. | Nie-koshuis. | Totaal |
|---|---|---|---|
| B.A. | 80 | 64 | 144 |
| Medies | 69 | 55 | 124 |
| Totaal | 149 | 119 | 268 |

Uit 'n totaal van 268 studente het 149 (55.59%) tydens hulle skooljare al op die een of ander tydstip in 'n koshuis ingewoon, terwyl 119 (44.40%) nie in koshuise tuis gegaan het nie.

(ii) Die woonplek van die student(e) tydens sy/haar eerstejaar op die universiteit.

In die onderstaande tabel toon ons die woonplekke van die eerstejaar B.A.- en Mediese studente gedurende 1953 aan.

Uit die onderstaande gegewens is die volgende afleidings moontlik, naamlik, dat uit 'n totaal van 268 eerstejaar B.A.- en Mediese studente daar 123 (45.90%) koshuisstudente en 145 (54.10%) dagstudente is. Die dagstudente is soos volg saamgestel, naamlik, 72 (49.66%) woon tuis en 73 (50.34%) loseer.

TABEL 2.8

| Kursus-groep. | Woonplek.[1] A | B | C | D | E | F | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B.A. | 41 | 3 | 19 | 1 | 8 | 72 | 144 |
| Medies | 31 | 4 | 32 | 2 | 4 | 51 | 124 |
| Totaal | 72 | 7 | 51 | 3 | 12 | 123 | 268 |

(iii) Die landelik-stedelike herkoms van die eerstejaar B.A.- en Mediese studente na aanleiding van die woonplekke van die ouers.

Die indeling waarvan ons gebruik maak, maak voorsiening vir die vier provinsies en 'n afsonderlike indeling waaronder Suidwes-Afrika en alle gebiede en/of lande buite die Unie, ingedeel is.

TABEL 2.9

| Kursus-groep | Die landelik-stedelike herkoms. Landelik: Tvl. | O.V.S. | Natal | K.P. | Elders | Totaal | Stedelik: Tvl. | O.V.S. | Natal | KP | Elders | Totaal | Groottotaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B.A. | 57 | 9 | 2 | 4 | 5 | 77 | 64 | 0 | 0 | 2 | 1 | 67 | 144 |
| Medies | 30 | 10 | 2 | 15 | 17 | 74 | 46 | 3 | 0 | 1 | 0 | 50 | 124 |
| Totaal | 80 | 19 | 4 | 19 | 22 | 151 | 110 | 3 | 0 | 3 | 1 | 117 | 268 |

Volgens die bostaande tabel is 151 (56.34%) van die 268 studente afkomstig uit landelike omgewings. Van hierdie totaal kom:

(a) 87 (57.62%) uit die Transvaal;

(b) 117 (43.66%) studente kom vanaf stedelike gebiede en hiervan lewer Transvaal die grootste bydrae, naamlik 110 (94.02%).

(c) Uit die groottotaal van 268 studente kom 197 (73.51%) studente uit die Transvaal.

1) A : By ouers;
B : By ander familiebetrekkings;
C : By privaat mense;
D : Op sy/haar eie in 'n kamer of woonstel;
E : In privaat losieshuis of hotel;
F : In Universiteitskoshuis - dit sluit ook koshuise van die Normaalkollege in.